

Naamsverandering – Satan se metode (1)

Baie mense sit vasgevang in 'n tydsgees – 'n tyd van anders wees en anders doen. Agter dit sit dikwels die duiwel, die vader van verleiding en verlokking. 'n Eeue-oue metode van hom.

Die koning van Babel het opgetrek teen Jerusalem en dit beleër. Hulle neem die stad in, vat 'n deel van die tempelgoedere. Voer ook uitsoekjongmanne weg. Voed hulle op in die paleis in Babel. Daar word hulle name verander en koninklike kos aan hulle voorgesit. Babel en Jerusalem. Die hoofkwartier van die ryk van die duisternis teenoor die Godstad. Die stryd tussen die ryk van God en die magte van Satan.

Kyk hoe gaan Satan te werk om die ryk van God te ondergrawe: Jong seuns word weggevoer. Satan rig hom op die jeug. Daniël en sy vriende was nie veel ouer as 14 jaar nie. En dis nie sommer enige jeug nie: Uitsoek-seuns, uit die koninklike geslag, edeles. Die leiers van die toekoms. Hulle was ook sonder liggaamsgebrek, mooi, met wysheid en insig en kennis. Onder hulle is Daniël en sy drie vriende. Daar in Babel kry hulle die beste behandeling. Word ook onderrig in die taal en skrif van die Chaldeërs. Dit alles is deel van die proses van breinspoeling. Hierdie seuns moes hulle eie land en mense vergeet en Babiloniërs word. Die laaste middel is die naamsverandering.

So werk Satan om die ryk van God te ondergrawe. Hy gebruik die metodes van koning Nebukadnesar van Babel. Hy voer weg. Teken so 'n mooi pad soos by die verlore seun in Lukas 15. Hy laat jou woon in koninklike paleise van geluk. Hy laat jou eet en drink van die wêreldse genot en plesier wat hy jou bied.

Satan wil jou 'n ander naam gee. Die naam van die dier uit die afgrond, die Antichris, die duiwel self (Openb 13). By jou doop is die Naam van Jesus oor jou uitgeroep en geen Satansmag kan dit daar wegneem nie. Lewe naby God en vertrou Hom!

Sing: Psalm 89:6 (1936)

Ds LD Aucamp (Emeritus)